8.

SOUTH AFRICA ... LIBRARY

UITTREKSEL UIT "HANDELINGE VAN DIE VYF-EN-TWINTIGSTE SINODALE VERGADERING VAN DIE GEREFORMEERDE GEMEENTES IN SUID-AFRIKA IN SITTING BYEEN TE BETHULIE, O.V.S. OP DONDERDAG, 5 MAART 1963, EN VOLGENDE DAE ".

---

ART. 84 VRYMESSELARY. (Bladsy 86 en 87)

Die Kommissie vir Dogmatiese en Kerkregtelike Sake rapporteer as volg:

Insake die beskrywingspunt:

„Die Part. Sinode vra die Generale Sinode om opnuut die standpunt van die Geref. Kerk duidelik te verklaar teenoor vrymesselary," adviseer die Kommissie:-

„Ten opsigte van die Vrymesselary betuig die Sinode sy instemming met die Sinodebesluit van 1897, Art. 155, wat die volgende behels: ‚De Sinode van 1897, art. 155, verklaarde dat iemand die lid is of wordt van geheime genootschappen, als b.v. het Vrijmetselaars-genootschap, geen lidmaat van de Geref. Kerk kan zijn, naardien de Christelijke Kerk 'n geestelike openbare vereeniging is, die geen gemeenschap kan noch mag oefenen met vereenigingen of genootschappen die buiten haar staan en vreemd zijn aan haar geestelijke en hemelsche oord. (Zie II Kor. 6:14-18; Joh. 3: 19-21). Derhalwe worden alle lidmaten hiertegen gewaarschuwd en vermaand op zichzelven en op elkander acht te geven en daartegen te vermanen en zo dit niet baat, dezulken ook bij de Kerkraden ernstig vermaand hierop te letten en hiertegen te waken.

De Synode was van oordeel dat lidmaten der Geref. Kerk, die leden worden van genootschappen buiten de Kerk, ontrouw zijn aan hun lidmaatschap, en kerklijk behoren behandeld te worden, - en benoem 'n kommissie wat breedvoerig oor die saak volgende Sinode sal rapporteer."

Algemeen aangeneem.

ART. 85. AFRIKANER-BROEDERBOND.

Insake die volgende beskrywingspunt:-

„Wat die geheime organisasie van die Afrikaner-Broederbond betref, vra die Part. Sinode die Generale Sinode om hom uit te spreek oor ander genootskappe en verenigings, soos b.v. Afrikaner-Broederbond, waarin daar geheimhouding is - lui die rapport as volg:-

/Oor....

Oor die Afrikaner-Broederbond wil u Kommissie die Eerw. Sinode adviseer om as volg te besluit: „Op grond van beskikbare informasie voel die Sinode geen behoefte om op die saak van die Afrikaner-Broederbond in te gaan nie, en stap van die saak af."

Twee voorstelle kom in:

a) Ds. G.H.J. Kruger - ouderling J.P. Kruger stel voor:
Die kommissierapport word aangeneem.

b) J.L. van der Merwe en ouderling Steenkamp stel voor:
Die Sinode is van oortuiging dat 'n vereniging of genootskap, wat as vaste beleid sy lidmaatskap en werksaamhede geheim hou, daarmee in stryd handel met die Woord van God.

Voorstel a) word met meerderheid van stemme aangeneem.

Ds. S.J. v.d. Walt versoek aantekening dat hy in die minderheid gestem het.

Removed from file.

Correspondence Survey Churches and Race Relations.

Box 69 I

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.